



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION



**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2022

**VERBRUIKERSTUDIES
NASIENRIGLYN**

PUNTE: 200

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 17 bladsye.

VRAAG 1: KORTVRAE

1.1	1.1.1	D ✓		(1)
	1.1.2	A ✓		(1)
	1.1.3	C ✓		(1)
	1.1.4	B ✓		(1)
	1.1.5	B ✓		(1)
	1.1.6	C ✓		(1)
	1.1.7	D ✓		(1)
	1.1.8	A ✓		(1)
	1.1.9	A ✓		(1)
	1.1.10	C ✓		(1)
	1.1.11	D ✓		(1)
	1.1.12	D ✓		(1)
	1.1.13	C ✓		(1)
	1.1.14	B ✓		(1)
	1.1.15	A ✓		(1)
	1.1.16	B ✓		(1)
	1.1.17	C ✓		(1)
	1.1.18	A ✓		(1)
	1.1.19	D ✓		(1)
	1.1.20	B ✓		(1)
				[20]
1.2	1.2.1	F ✓		
	1.2.2	D ✓		
	1.2.3	H ✓		
	1.2.4	E ✓		
	1.2.5	A ✓	(5 x 1)	(5)
1.3	1.3.1	Cholesterol ✓		
	1.3.2	Eenvoudige rente ✓		
	1.3.3	Huurkoop-ooreenkoms/aankope/afbetalingstransaksie ✓		
	1.3.4	Grys goedere/parallele invoere ✓		
	1.3.5	Stokvel ✓		
	1.3.6	Korporatiewe liggaam ✓	(6 x 1)	(6)
1.4	B ✓			
	D ✓			
	F ✓			
	G ✓		(Enige	
	volgorde)			(4)
1.5	1.5.1	Plek ✓		
	1.5.2	Promosie ✓		
	1.5.3	Persone ✓		
	1.5.4	Prys ✓		
	1.5.5	Produk ✓	(5 x 1)	(5)
				[40]

VRAAG 2: DIE VERBRUIKER**2.1 Noem die naam van die belastingheffing vir die beskrywings hieronder:**

2.1.1 **Betaalbaar op die verkope van goedere en dienste**
Belasting op toegevoegde waarde (BTW) ✓ (1)

2.1.2 **Eienaarskap van eiendom (grond en geboue)**
Eiendomsbelasting ✓ (1)

2.2 Gee die volledige name van die volgende afkortings.

2.2.1 **VBW**
Verbruikersbeskermingswet ✓✓ (2)

2.2.2 **NKW**
Nasionale kredietwet ✓✓ (2)

LET WEL: Alles korrek vir 2 punte of geen punte.

2.3 Beskryf die term *direkte bemerking*.

Om iemand in persoon of per pos of elektroniese kommunikasie te benader ✓
vir die doeleindes om goedere/dienste te bevorder of te verskaf ✓ of om 'n
donasie/skenking aan te vra. ✓

Aanvaar ook die volgende, maar vir 1 punt

Transaksies wat die verbruiker nie begin het nie ✓ (3)

2.4 Onderskei tussen *garansie* en *waarborg* deur die volgende opskrifte te gebruik.

	ASPEK	WAARBORG	GARANSIE
2.4.1	Die verkoper/maatskappy se beloftes oor die produk wat gekoop is	Beloftes om die item te herstel of te vervang ✓ in 'n spesifieke periode/voldoen aan die bepalings van die waarborg ✓ <u>Aanvaar ook vir slegs een punt</u> Die produk is betroubaar en vry van defekte. (2)	Die item sal in 'n werkende toestand bly vir 'n spesifieke tydspanne. ✓ OF Die kwaliteit of duursaamheid van die produk/diens sal aan sekere standaarde voldoen / voldoen aan die bepalings in terme van die <i>garansie</i> . ✓ (2)
2.4.2	Die resultate vir die verbruiker	As dit breek/nie behoorlik werk nie/die gebreekte onderdele sal herstel of vervang word sonder betaling. ✓ (1)	Die vervaardiger sal die probleem uitsorteer / en die geld terug gee. ✓ (1)

LET WEL: Minus EEN punt as dit nie in tabelvorm is nie.

(6)

2.5 2.5.1 **Identifiseer die tipe bedrogspul**
Lotery / Prysnotifikasie skema ✓ (1)

2.5.2 **Identifiseer en verduidelik DRIE leidrade wat Noxolo moes opgemerk het dat die e-pos 'n bedrogspul is.**

- Dit het begin met Liewe Wenner so dit was nie aan haar persoonlik geadresseer nie ✓ / die sender ken nie haar naam as 'n deelnemer nie. ✓
- Haar e-pos was ewekansig geselekteer. ✓ Wettige kompetisies sal 'n e-pos van die inskrywer self ontvang. ✓
- Nasionale Loterymaatskappy. ✓ Dit bestaan nie/is fiktief/Dit moet Suid-Afrikaanse Nasionale Lotery/Ituba Nasionale Lotery/Lotto Powerball wees. ✓
- Hulle versoek persoonlike inligting sodat dit vir identiteit diefstal gebruik kan word. ✓
- Hulle versoek finansiële inligting ✓ en maak dan jou bankrekening leeg/steel jou geld ✓
- Hulle eis vertroulikheid. Dit is om die ontvanger daarvan te weerhou om advies van vriende of familie te vra wat meer vertrouwd is met hierdie tipe bedrogspul. ✓
- Sy moet 'n prosesseringsfooï betaal om die prys te eis ✓ sodat hulle haar geld kan vat en sy nie die prys ontvang nie. ✓
- Die tydsbeperking is een week om te reageer. ✓ Die bedoeling is om die potensiële slagoffer onder druk te plaas en hom/haar daarvan te weerhou om advies in te win of die saak verder te ondersoek. ✓
- Sy het nie vir die kompetisie ingeskryf nie ✓ so sy kom nie in aanmerking om te wen nie. ✓

LET WEL: Enige DRIE aanhalings van die e-pos en 'n logiese verduideliking om elk te pas. (3 x 2) (6)

2.6 **Waterkwaliteit in Suid-Afrika is aan die afneem as gevolg van die toename in besoedeling.**

2.6.1 **Lys enige DRIE oorsake van waterbesoedeling.**

- Onbehandelde afval ✓
- See-dompel/storting ✓
- Industriële afval ✓
- Olie besoedeling ✓
- Ondergrondse berginglekkasies ✓
- Mynwese ✓
- Landbou / nywerhede / chemikalieë ✓
- Verstedeliking ✓
- Ontbossing ✓
- Opdam van riviere ✓
- Vernietiging van vleilande ✓
- Energieverbruik ✓
- Toevallige waterbesoedeling (vure, gebarste pype en tenke, groot lekkasies) ✓

(Enige 3 x 1) (3)

2.6.2 **Bespreek die verantwoordelikheid wat munisipaliteite het in verband met die toevoer van water na huishoudings**

- Hulle is verantwoordelik vir hulle gebied. ✓
- Inwoners moet toegang / beskikbaarheid tot water het. ✓
- Inwoners moet toegang tot skoon /onbesoedelde water het. ✓
- Moet voorsien word in gemeenskaplike ✓ staanpype, erfkrane, tenke of direk na huise gevoer word. ✓
- Watervoorsiening moet 25 liter per dag per persoon wees/ ✓ dit kom neer op 60 kiloliter vir 'n huishouding van 8 persone. ✓
- Water moet bekostigbaar wees. ✓ Water moet op 'n volhoubare manier gebruik word / lees die watermeter maandeliks. ✓
- Basiese watervoorsiening gratis aan arm huishoudings/Elke huishouding behoort ±6 kiloliter gratis water (sonder betaling) per maand te ontvang ✓ (Enige 3 x 1) (3)

2.7 2.7.1 **Verduidelik wat die *verbruikersprysindeks* is en hoe dit gemeet word**

- Die VPI wys/meet die veranderinge in die prys van 'n groep produkte en dienste ✓ oor 'n spesifieke tyd/ jaar. ✓
- Dit is 'n maatstaf van die gemiddelde prysvlak van verbruikersgoedere en dienste wat deur huishoudings gekoop word. ✓
- Dit meet die verandering in die ekonomie sowel as die standaard van lewe ✓ (Enige 2 x 1)

Dit word bereken/ gemeet deur te kyk na die verandering in die prys van goedere en dienste/die mandjie. ✓ Gebruik deur 'n tipiese huishouding, ✓ insluitend verskillende kategorieë van produkte/ dienste/ brandstof en brood. ✓ Die gemiddelde prysverandering word gebruik om die VPI ✓ wat uitgedruk word as 'n % om inflasie/inflasiekoers te bereken. ✓

(Enige 2 x 1) (4)

2.7.2 **Analiseer hoe Rusland se innovasie op Oekraïne inflasie affekteer en die impak wat dit op Suid-Afrikaanse verbruikers het**

- Dit sal 'n negatiewe effek het ✓
- Inflasie neem toe/pryse gaan op ✓
- Dit sal veroorsaak dat die pryse verhoog/ daarom sal die verbruiker meer betaal ✓
- Dit het 'n rippel-effek, wanneer die petrol/brandstof verhoog en dan affekteer dit die verhoging in pryse van ander goedere/dienste. ✓
- Dus kan die verbruikers minder met hul geld koop/inkomste dek minder uitgawes/ koopkrag is minder ✓/ wat lei tot minder besteebare inkomste ✓/en 'n daling in die lewenstandaard. ✓
- Die inval van Rusland het tot hoër pryse ✓ in olie en graan gelei wat die pryse van brandstof en brood verhoog/geaffekteer het. ✓
- Hierdie is huishoudelike goedere wat by die VPI mandjie ingesluit is. ✓
- Die styging in pryse sal in die VPI weerspieël wanneer dit gemeet word en daarom neem inflasie toe ✓ dus is die inflasiekoers hoër. ✓
- Verbruikers koop minder goedere dus beteken dit dat die Suid-Afrikaanse ekonomie daaronder ly.
- Vervaardigers mag sny op die produksie ✓ kan tot werkverliese lei. ✓
- Beleggings is minder werd ✓ en spaargeld is minder werd/kan nie geld wegsit om te spaar nie. ✓

- Suid-Afrika voer olie en graan van Rusland in ✓ en sanksies teen Rusland beteken dat hierdie items skaars is en iewers anders verkry moet word, ✓ moontlik teen 'n hoër prys, omdat baie meer lande olie sal benodig ✓/ wanneer aanbod laag is en aanvraag is hoog, sal pryse styg ✓
- Met hoër inflasie, sal leners/ deponerders wat teen 'n vaste rentekoers op lenings betaal word, koopkrag verloor uit die rente wat hulle verdien/geld verloor, ✓ aangesien die inflasiekoers hoër is as die rente wat hulle ontvang ✓
- 'n Huislening op 'n vaste rentekoers sal voordeel trek ✓ want die terugbetaling is minder werd as die geld wat geleen is ✓

(Enige 8 x 1)

(8)

[40]

VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 **Gee die naam van die voedselverwante siekte van die beskrywing hieronder sowel as die inkubasieperiode.**

- Hepatitis A ✓
- 3–5 weke / 15–50 dae ✓

(2)

3.2 **Onderskei tussen die volgende terme: *invoer* en *uitvoer***

Invoer – goedere/voedsel ingebring in die land ✓

Uitvoer – goedere verkoop aan ander lande ✓

(2)

3.3 3.3.1 **Meld waarom hoë bloeddruk bekend is as die “stille moordenaar”**

- Mense is nie bewus dat hulle bloeddruk hoog is nie ✓
- Daar is geen waarskuwingstekens of simptome nie ✓ (Enige 1 x 1)

(1)

3.3.2 **Lys DRIE risiko-faktore wat met die oorsake van hoë bloeddruk geassosieer word**

- Oortollige sout-inname ✓
- Rook ✓
- Te veel alkohol ✓
- Oorgewig /vetsug ✓
- Gebrek aan oefening ✓
- Stres ✓
- Veroudering ✓
- Familiëgeskiedenis /geneties ✓
- Kroniese nierversaking ✓
- Adrenale / skildklierprobleme ✓
- Sekere medikasie ✓
- Nie genoeg vrugte en groente in die dieet ✓

(Enige 3 x 1)

(3)

3.4 Skryf 'n paragraaf om die rol wat hemoglobien in die siekte, anemie, speel, te verduidelik.

Hemoglobien vervoer suurstof na die liggaamselle ✓ om energie te gee/ vir selle om reg te funksioneer / selfunksie te handhaaf ✓ dus sonder suurstof/ as te min suurstof na die selle gedra word, sal 'n anemiese persoon moeg/ swak word. ✓ Te min suurstof sal na die selle gedra word en as daar nie genoeg hemoglobien is nie, ✓ wanneer 'n persoon te min rooibloedselle het, ✓ as gevolg van 'n tekort aan yster/ yster is nodig in die vervaardiging van hemoglobien ✓ of / rooibloedselle, ✓ wat 'n komponent van hemoglobien is/ rooibloedselle bevat hemoglobien. ✓

LET WEL: Trek EEN punt af indien dit nie in paragraafvorm is nie (Enige 4 x 1) (4)

3.5 Beskryf hoe lae-digtheid lipoproteien 'n hooforsaak van hartsiekte is

LDL, bekend as die slegte cholesterol ✓ veroorsaak 'n opbou van vet deposito's/hoofbron van plaak ✓ in die slagare/ binne wande/ slymvlies van die slagare✓/ veroorsaak vernouing/verstopping van die slagare ✓ / blokkering van bloedvloei en daarom geen die suurstofvloei ✓ na die hart. Kan 'n hartaanval veroorsaak ✓ en verswakking van die hart. ✓ Verhoogde vlakke van LDL word geassosieer met arterioklose ✓ wat ook die slagare beskadig, want dit verhard en verdik. ✓ Dit verhoog die risiko van hartaanvalle (en beroerte) ✓

(Enige 5 x 1) (5)

3.6 3.6.1 Identifiseer EEN rede, in die eerste paragraaf gegee, waarom regulasies vir die etikettering belangrik is

- Om verbruikers te help om ingeligte dieet-keuses te maak. ✓ (1)

3.6.2 Verduidelik hoe die huidige etiketteringregulasies op voedsel-produkte verseker dat die verbruiker ingeligte besluite kan neem wat onakkuraat is as gevolg van die afwesigheid van voedingsinligting op wegneem-etes.

- Nutriënt waarde word per enkel bediening gegee ✓ en per 100 g/ml vir vergelyking ✓
- Energiewaardes is in KJ gelys. ✓
- Nutriëntwaardes word in gram vir die makro-nutriënte gegee, naamlik proteïene, koolhidrate en vette ✓
- Getalle word ook vir vesel en natrium gegee ✓ (Enige 2 x 1) (2)

3.7 3.7.1 (a) Gee die funksie van MNG

- Verhoog die smaak in voedsel ✓ (1)

(b) Bespreek die belangrikheid van die eis dat MNG nie in McDonald's produkte gebruik is nie.

- MNG is 'n omstrede bymiddel ✓
- Sommige mense toon nadelige/allergiese reaksies wanneer hulle MNG inneem ✓ (2)

3.7.2 (a) Identifiseer 'n ander eis wat deur McDonald's gemaak word

- Alle McDonald burgers word gemaak van "geen kunsmatige preserveermiddels, geen kunsmatige geurstof en geen addisionele kleurstof van kunsmatige bronne." ✓ (1)

(b) Regverdig of die eis misleidend is of nieDie eis is nie misleidend nie

- Dit stel dit duidelik dat die preserveermiddels, geure of kleure kom nie van kunsmatige bronne nie ✓
- Dit sluit nie preserveermiddels, geure en kleure uit in die produkte nie, aangesien natuurlike bronne gebruik kon word. ✓
- Dit sê nie dat daar geen bymiddels is nie ✓

OFDie eis is misleidend

- Die gewone man mag nie bewus wees dat daar preserveermiddels, geure en kleure in natuurlike bronne is nie. ✓
- Dit sluit ook nie die moontlikheid uit dat ander bymiddels gebruik kan word nie
- Die verbruiker is onbewus van 'n verdikker in die sous ✓
- Enige logiese verduideliking (2)

LET WEL: Merk slegs die redenasie, want hulle moet hul keuse regverdig.

3.7.3 Die verbruik van kitskos het dikwels 'n hoër nutriënt-inname vir energie, vet en sout tot gevolg.

Verduidelik waarom die stelling hierbo geldig is en analiseer die nutriënte feite gegee in die voedingstabel.

Kies enige TWEE nutriënte inname van die bogenoemde stelling om die fokus van jou antwoord te wees.

Energie 950 KJ per 100 g is aansienlik hoog ✓ as die regulasie dui dat 170 kJ laag is ✓

Vette Die totale vette is hoog met 8,59 per 100 g ✓ as lae vet 3 g is ✓

Versadigde vette 1,9 g is effens hoog ✓ as 1,5 g vir 'n lae waarde is ✓

Sout 473 mg per 100 g ✓ voldoen nie aan die ideaal van 120 mg nie ✓ (Enige 2 x 2) (4)

3.8 Evalueer die aandete spyskaart hieronder vir 'n persoon wat aan hartsiekte en hoë bloeddruk ly

Gevolgtrekking

- Die hoofmaal is geskik ✓
- Voorgereg en nagereg is nie geskik nie. ✓

Voordele

Salm is 'n goeie vet/ poli-onversadigde / onversadigde vette ✓ en omega 3 vetsure ✓ wat die hart en bloedwande beskerm / vermy rooivleis ✓ in die maaltyd

Canola-olie het meer mono-onversadigde vette. ✓

Groenslaai het groente/appels/ verhoog die porsie vrugte en groente ✓ (piesangs in die roomys) asook die vitamien en minerale inhoud, ✓ vesel en anti-oksidente. ✓

Oplosbare vesel in appels het 'n verlaagde effek op cholesterol ✓ asook avokadopere. ✓

Avokado het gesonde vette / mono-onversadigde vette ✓

Piesang is 'n goeie bron van kalium wat die bloeddruk verlaag ✓ sowel as kalsium ✓

Nadele

Dierlike vet ✓ in suurroom, ✓ eier in vla-room en melk ✓ in nagereg het te veel versadigde vette en veroorsaak cholesterol ✓/Lae vet melk moet gebruik word.

Beperk die totale vet in die algemeen deur nie sampioene en vis te bak nie, rooster dit liewer, sowel as die suiker in die roomys, want daar is 'n sterk band tussen hartsiekte/ hipertensie en oorgewig, daarom dra dit tot vetsug by ✓ Veral sout vir hipertensie / Geurmiddels in die beslag en sous het gewoonlik te veel sout ✓

LET WEL: 2 punte vir die gevolgtrekking (wat aan die begin of aan die einde van die bespreking kan wees): 4 voordele + 4 nadele

(10)
[40]

VRAAG 4: KLEDING4.1 4.1.1 **Definieer die terme wat in die teks gebruik is****(a) Styl**

Styl is die spesifieke eienskappe wat een item van 'n ander item verskillend maak ✓

OF

Die lyne wat een vorm van die ander onderskei ✓

(1)

(b) Mode

Die styl van kleding wat deur die meerderheid van ✓ mense in die land, ouderdomsgroep of area nou gedra word ✓

OF

Die styl wat deur 'n spesifieke groep mense ✓ op 'n gegewe tyd ✓ en plek aanvaar word.

(2)

4.1.2 **Die teks dui aan dat die pofmou tendens deur 'n styl wat in die 80's gedra is, geïnspireer is.****(a) Gee die name van die tipe mode**

Retrospektiewe / retro / vintage styl ✓

(1)

(b) Meld TWEE eienskappe van die tipe mode.

- Ontwerpers kyk na geskiedenis/ kyk na die verlede vir inspirasie ✓
- Naboots van klere van die vroeër periode / die styl namaak. ✓
- Dit is nie presies dieselfde nie / aangepas/ nagemaakte styl / nie oorspronklik nie / aangepas / het 'n moderne styl/kinkel. ✓

(Enige 2 x 1)

(2)

4.1.3 **Identifiseer die tipe neiging wat die pofmou verteenwoordig en regverdig jou antwoord.**

- Standaardneiging / mode / tydelik ✓
- Die neiging duur vir 2–3 jaar ✓
- Die teks noem dat dit in 2018 begin en gegroei het, was in die mode van 2021 en 2022 en kan die volgende jaar verby wees. Dit beteken dat dit vir 2 jaar die hoogtepunt sal wees ✓
- Aanvaar enige logiese antwoord in die teks

(3)

4.2 Verduidelik waarom hennep, as 'n voorbeeld van 'n nie-organiese vesel, nog steeds as 'n volhoubare vesel geklassifiseer kan word.

- 'n Volhoubare vesel is een wat geproduseer kan word van die gewas wat geplant is en weer gegroei word sonder om die grond te beskadig / minimum impak. ✓
- Die materiaal is gemaak van hernubare-bronne in 'n plant (hennep). ✓
- Dit kan op 'n omgewingsvriendelike manier gegroei word / eko-vriendelik/ ✓ ook met beperkte chemikalieë/ min chemikalieë ✓ word gebruik gedurende groei
- Dit beteken dat dit goeie gewasse lewer / groei vinnig ✓/ verhoogde oes gewasse en benodig min water ✓
- Gebruik nie insekdoders/ onkruidodders om te groei nie ✓
- Hennep verryk die grond met sy wortels en is maklik om te kweek ✓

(Enige 5 x 1) (5)

4.3 Skep 'n uitrusting vir 'n aangesig-tot-aangesig besigheidsvergadering en motiveer jou keuse vir elke item. Bykomend, motiveer ook die geskiktheid van jou uitrusting as 'n geheel.

Kies EEN item van elk van die eerste drie rye en 'n minimum van TWEE items in die vierde ry.

Ry 1 : Enige bo-stuk kan gekies word afhangende van die oorblywende 2 items wat gekies word en hoe die keuse gemotiveer is.

Voorbeeld vir motivering

Wit/ swart is neutrale kleure daarom kan dit meng en pas met die bo-stuk en baadjie/jas.

Rolkraag sal warmer wees as dit 'n koel/ winter dag is/ swart is 'n formele kleur Rolkraag sal nie geskik wees vir 'n persoon wat 'n kort nek of 'n v-vormige liggaamsbou het nie

Langmouhemp is meer formeel / klassieke styl met kraag en moue/ kledingstof is dunner as 'n rolkraag, so op 'n warm dag sal dit meer gerieflik wees. Kortmou hemp is nie deursigtig nie.

Ry 2 : Eerder 'n swart broek of romp kan gekies word. Die rok kan nie gekies word nie, omdat daar van die eerste ry gekies moet word. Die jeans is nie geskik nie.

Ry 3 : Die baadjie of die jas kan gekies word. Die grys trui sal nie formeel wees nie. Die baadjie en die jas is 'n klassieke styl

Ry 4 : Voorbeelde van motivering

Die serp beklemtoon die uitrusting en die kleurkontras die swart baadjie.

Die handsak/ skoene is 'n klassieke styl en swart vir formaliteit.

Handsak is dieselfde kleur as die skoene.

Die horlosie is nie te bonkig nie.

Die stewel het 'n medium hak.

LET WEL: Puntetoekenning is soos volg. MERK enige logiese antwoord

Die motivering vir die item in ry 1 ✓

Die motivering vir die item in ry 2 ✓

Die motivering vir die item in ry 3 ✓

'n Skoen en een of meer items van ry 4 moet gekies word en die motivering vir elkeen. ✓✓

'n Motivering wat na die volle uitrusting verwys ✓ byvoorbeeld, die uitrusting is geskik, want dit lyk professioneel.

(6)

[20]

VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR

- 5.1 **Noem die huis opsie waar 'n okkupasie-sertifikaat geteken word.**
Bou/ gebou ✓ (1)
- 5.2 **Gee die afkorting vir die Nasionale Huisbouers Regulasieraad.**
NHBRR
- LET WEL:** Dit moet in hoofletters wees. (1)
- 5.3 **Definieer die term *huurkontrak*.**
Die kontrak of ooreenkoms ✓ tussen die eiendomseienaar/verhuurder en die huurder ✓ (2)
- 5.4 5.4.1 **Gee TWEE redes om te motiveer dat die uittreksel na 'n huiseienaars wat 'n deeltitel koop, verwys.**
- Omheinde gemeenskap verwys na 'n kompleks. ✓
 - Bykomende sekuriteit, wat hulle aanbied, is een van die voordele van 'n deeltitel. ✓
 - Vereis om 'n maandelikse heffing te betaal, is van toepassing op 'n deeltitel. ✓ (Enige 2 x 1) (2)
- 5.4.2 **Lys TWEE voordele van die deeltitelhuiseienaarskap wat nie van toepassing is op voltiteleienaarskap nie.**
- Bygevoegde/ groter sekuriteit ✓
 - Spaar op koste vir die instandhouding van groter eiendom ✓
 - Kan veiliger wees ✓
 - Kan die gebruik van gemeenskapfasiliteite geniet ✓
 - Minder administrasie/ verantwoordelikhede ✓ (want die ko-operatiewe liggaam beheer die kompleks)
 - Deeltitelkomplekswet beskerm jou belange as 'n deeltitel-eienaar ✓
 - Jy trek voordeel uit die gedeelde verantwoordelikheid, aangesien dit in elke eienaar se belang is dat die kompleks goed onderhou word ✓ (Enige 2 x 1) (2)
- LET WEL:** Moenie antwoorde wat ook 'n voordeel vir 'n voltitelkoop kan wees, nasien nie.

5.4.3 **Bespreek TWEE voordele en TWEE nadele om maandeliks 'n heffing te betaal.**

VOORDELE	NADELE
<ul style="list-style-type: none"> • Dit is 'n gedeelde koste wat gebruik word vir onderhoud/ herstel van die gemeenskaplike eiendom waarby jy baat vind so dit is steeds goedkoper as om die volle onderhoud te betaal ✓ • Die heffing dek ook ander aspekte wat tot jou voordeel strek, soos buite ligte in die aand. ✓ • Deel van koste van sekuriteit voordeel vir jou veiligheid. ✓ (Enige 2) 	<ul style="list-style-type: none"> • Die heffing is 'n addisionele koste wat jy moet betaal en dit moet in jou begroting ingewerk word (Volle titel hoef nie 'n heffing betaal nie). ✓ • Die heffing sal elke jaar styg, wanneer inflasie toeneem ✓ • Die heffingsbedrag word volgens die waarde van die eiendom bereken so as jy 'n groter area besit sal jy 'n groter heffing betaal ✓ • Die heffing dek ook ander aspekte wat jy dalk nie nodig het nie en jy nogsteeds 'n bydrag moet lewer, byvoorbeeld fasiliteite wat jy nie gebruik nie, ens. ✓ (Enige 2)

LET WEL: Minus 1 punt indien nie in tabelvorm is nie.

5.5 **Bespreek die impak van nie-menslike en menslike energie voorbeelde in die stelling hieronder.**

Nie-menslike energie verwys na die gebruik van minder water en energie ✓ wat minder impak op die omgewing sal het/ beskerm die omgewing ✓

OF

Die energie verwys na elektrisiteit ✓ en deur minder elektrisiteit te gebruik sal dit help om natuurlike hulpbronne te bewaar/ verminder lugbesoedeling/ minder kweekhuysgasse. ✓

EN

Menslike energie – verwys na die frase dat 'jy nie heeltemal hoef te buig nie' ✓ om sodoende fisiese inspanning te bespaar. ✓ (2 x 2) (4)

5.6 5.6.1 **Interpreteer die inligting wat gegee word om jou te help om 'n gesin raad te gee oor die volgende faktore wat hulle moet oorweeg wanneer hulle 'n wasmasjien koop. Moenie die inligting net so oorskryf nie, maar gebruik dit as 'n gids vir jou antwoord.**

(a) Die behoeftes van die gesin

Die familie moet die hoeveelheid spasie wat hulle vir die wasmasjien het, oorweeg. Die afmetings word gegee en die bo-laaier vereis meer spasie/ (7 kg teenoor 13 kg) verwys na die afmetings wanneer jy op 'n wasmasjien besluit. ✓

Meet die spasie wat jy het, ✓ aangesien daar ruimte moet wees om die pype agter die wasmasjien te akkommodeer/ dit oop te maak/die pyp agter die wasmasjien/ oop maak/ vir veiligheid ✓

OF

Die grootte van die gesin bepaal die kapasiteit. 'n Groot gesin sal 'n masjien wat meer kg per vrag kan dra benodig, aangesien daar meer gewas sal word.

Die bo-laaier kan 'n bondel/vrag van 13 kg teenoor 'n 7 kg vrag hanteer. ✓

(2)

(b) Die begroting

Oorweeg wat jy kan bekostig en vergelyk die pryse ✓. Die bo-laaier is meer goedkoper teen R5 999.00 ✓

OF

Lees die waarborg en maak seker jy weet hoe lank dit geldig is ✓ vind uit watter dele gedek is ✓

Die voor-laaier het 'n langer waarborg / 3 jaar. Die waarborg dek herstelwerk / vervanging ✓ as gevolg van fabrieksfoute so dit sal jou geld spaar. ✓

OF

Die voor-laaier is A++. As die apparaat energiedoeltreffend is, sal dit op die lang termyn geld bespaar ✓ aangesien minder elektrisiteit gebruik word / besparing op elektrisiteitrekening. ✓

(2)

[20]

VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

6.1 6.1.1 **Gee EEN rede waarom Fezile verkies om koffie te verkoop.**

Koffie kan enige tyd van die dag gekoop word. ✓

(1)

6.1.2 **Kies 'n sin wat 'n voordeel van die keuse van die ligging van sy besigheidsperseel aandui.**

Sy ligging stel hom bloot aan 'n hoë volume kliënte. ✓

(1)

6.1.3 **Gee die naam van die plan wat die tydraamwerk en take aandui wat voltooi moet word, aandui, sodat die doel van 100 koppies koffie per dag bereik kan word.**

Werkplan / produksieplan / implementeringsplan ✓

(1)

6.1.4 **Stel TWEE vrae voor wat hy vir sy teikengroep kon vra, behalwe die keuse van die koffie vir waardevolle terugvoering wanneer hy sy besigheidsidee navors.**

- As dit 'n behoefte is wil hulle 'n koffieplek in die area het. ✓
- Hoeveel hulle bereid is om te betaal vir 'n koppie koffie/ hoeveel hulle kan bekostig om te betaal. ✓
- Watter huidige geurneigings geniet jy ✓

Enige 2 logiese antwoorde (2)

6.1.5 **Verduidelik hoe die verskaffing van die koffiemeul en die yskas Fezile in die scenario gehelp het.**

- Dit het hom geld bespaar ✓ vir sy aanvangskoste. ✓
- Die spaargeld wat hy sou gebruik het om die koffiemeule en yskas te koop kan nou gebruik word vir die ander apparaat wat hy moet aankoop ✓
- Hy hoef nie geld te leen nie/ ✓ om skuld aan te gaan nie/ dus bespaar hy op rente wat gehew word ✓

(Enige 3 x 1) (3)

6.1.6 Identifiseer en bespreek DRIE faktore wat Fezile se keuse om koffie te verkoop, geaffekteer het.

- Beskikbaarheid van menslike vaardigheid ✓
Twee mense om hom te help ✓
- Beskikbaarheid van finansiële hulpbronne / ander hulpbronne ✓
Hy het geld in sy spaarrekening ✓
Hy het 'n koffiemeul en 'n yskas ✓
- Beskikbaarheid van werkspasie ✓
Werk van 'n klein spasie ✓
- Beskikbaarheid van roumateriale ✓
Hy het 'n verskaffer vir die Asiatiese koffiebone en fonteinwater. ✓
- Kliëntevoordeel ✓
Die koffie was 'n kwaliteit produk met 'n voortreflike geur. ✓
Gebruik Asiatiese koffiebone en fonteinwater – kwaliteit bestanddele ✓
Naby 'n werkplek /ontspanningsfasiliteit. ✓

Enige 3 faktore en een bypassende toepassing op die storie (6)

6.1.7 Identifiseer aan watter vereiste vir 'n kwaliteit produk, voldoen word, in die beskrywing hieronder.

- (a) Aanbieding van die produk/kwaliteit en ontwerp van die verpakking/
korrekte en aantreklike etikettering ✓
- (b) Kwaliteit van die rou materiale ✓

(2)

6.1.8 Bespreek die rol wat die berging en die effektiewe bergings-prosedures op kwaliteit gedurende die produksie van die koffie, het.

- Die koffie word in die yskas gestoor ✓ gedurende die maak van die koffie en die klaargemaakte koffie om kontaminasie/voedselbederf te voorkom ✓ en ook om die koffiëgeur te preserveer en die raklewe te verleng ✓
- Dit preserveer kwaliteit en voorkom vermorsing ✓ wat finansiële verlies tot gevolg het ✓
- Die temperatuurbesonderheid regdeur die produksie/stoor is nodig om veiligheid te verseker ✓ / verminder tyd wat by kamertemperatuur spandeer word ✓
- Die yskas moet skoon gehou word ✓ / nie oorlaai word nie ✓/maak die deur vinnig toe om die binne-temperatuur te handhaaf. ✓
- Koffie in die regte houers in die yskas gestoor ✓
- Die rou koffiebone word in 'n lugdigte houer, in 'n koel, donker en droë plek in die spens gestoor ✓
- Die spens moet skoon en nie klam wees nie ✓
- Die spens moet goed belig wees en genoeg spasie hê om die voorraad effektief te beheer ✓
- Ontwikkel prosedures vir in- en uitneem van voorrade ✓ om te verseker dat die voorraad nie gesteel of beskadig word nie ✓
- 'n Ander prosedure is die implementering dat die ouer koffiebone voor op die rak gestoor kan word sodat dit eerste gebruik kan word/koffie wat eerste gemaak word, kan voor in die yskas gestoor word om eerste verkoop te word. ✓ (EIEU)

(Enige 6 x 1) (6)

6.1.9 'Produceerders en verbruikers kan beide die verantwoordelikheid vir volhoubare produksie en verbruik neem'

Analiseer die geskiktheid van die verpakking hieronder wat Fezile gebruik om die koffie te bedien en beskryf die impak wat Fezile en sy kliënte op die omgewing het, met die bogenoemde stelling in gedagte. ✓

LET WEL: Die nasiener moet die vraag in konteks nasien

Volhoubare produksie beteken om aan die basiese behoeftes van die verbruikers te voldoen, hul kwaliteit te verbeter sonder om die omgewing te benadeel (verminder afval, besoedeling en uitputting van natuurlike hulpbronne) ✓

Volhoubare verbruik – verbruikers gebruik goedere/dienste op maniere wat nie die omgewing benadeel nie.

Ontleding van die plastiekkoppie en plastiekstrooitjie

Die plastiekkoppie en strooitjie is nie geskik nie ✓ want dit sal 'n groter impak op die omgewing hê.

Die plastiekverpakking sal op die stortingsterrein/vullishoop/as afval beland ✓ so die brand van die afval veroorsaak besoedeling koolstofvrystellings / kweekhuysgasse in die atmosfeer ✓ veroorsaak indirek deur beide Fezile en die kliënte wat hul koolstofvoetspoor ✓ vir beide sal verhoog en uiteindelik tot aardverwarming lei ✓

Ontleding van die glasfles met die metaalstrooitjie en die papierkoppie en papierstrooitjie.

Beide is geskik ✓ maar as die koste van die papierkoppie en papierstrooitjie in ag geneem word, is dit die mees uitvoerbaar.

- Gebruik van die glasfles en papierkoppie het minder impak op die omgewing ✓
- Die papierkoppie en -strooitjie is bio-afbreekbaar ✓
- Die glasfles kan hergebruik word vir 'n ander doel ✓
- Die kliënt kan beide herwin/hulle moet nie mors/rommel strooi nadat hulle die koffie gedrink het nie ✓
- Fezile kon koppies koop wat van herwonne glas en papier gemaak is ✓/ bedien die koffie in 'n eko-vriendelike verpakking, bedien in minimale verpakking. ✓
- Fezile kan seker maak/ sien dat hierdie vorme van verpakking op 'n energie-besparende manier herwin word. ✓ Die verpakking vir die kliënte om die koffie te dra, kan 'n bio-afbreekbare produk wees. ✓
- Fezile kan die verantwoordelikheid neem dat die produksie van sy koffie volhoubaar is: ✓
 - Kyk of die koffiebone wat hy koop volhoubaar geproduseer word. ✓
 - Sonenergie gebruik /en energiebesparende gloeilampe in sy winkel
 - Kyk of die yskas 'n energiebesparingsgradering /'skaal' het ✓
 - Bespaar water deur die skottelgoed in minder water te was
 - Hy spaar alreeds elektrisiteit aangesien hy nie warm water vir sy die koffiebrou nodig het nie. ✓
- Fezile moet nie die koffie in die plastiekkoppies en -strooitjie bedien nie en die verbruiker moet nie koffie wat in hierdie houer bedien word, koop nie/versoek eerder een van die ander. ✓ (Enige 10 x 1) (10)

LET WEL: Die ontleding van die verpakking beteken dat punte toegeken moet word vir onvanpaste verpakking en vir geskikte verpakking.
 2 punte word toegeken vir watter een geskik en watter een onvanpas is.
 Volpunte kan slegs toegeken word as beide die produseerder en verbruiker se verantwoordelikhede bespreek is.

6.1.10 **Fezile se beste verkoopscenario is om 100 koppies koffie per dag te verkoop.**

(a) Bereken sy inkomste vir die dag as hy 100 koppies koffie vir R17,00 per koppie verkoop.

$$R17,00 \times 100 = R1\ 700 \checkmark \quad (1)$$

(b) Bereken die produksiekoste om 100 koppies koffie te maak as 1 koppie R10,20 kos om te maak.

$$R10,20 \times 100 = R1\ 020 \checkmark \quad (1)$$

(c) Op 'n spesifieke dag verkoop Fezile 50 koppies koffie. Bereken hoeveel minder wins hy op hierdie dag sal maak in vergelyking met die wins wat hy op sy beste dag gemaak het.

Vir 100 koppies koffie.

Inkomste was R1 700 en sy produksiekoste was R1 020.

Verkoopprys – produksie = wins

$R1\ 700 - R1\ 020 \checkmark = R680$ wins \checkmark op sy beste dag (100 koppies)

$R680 \div 2 \checkmark = R340$ wins \checkmark vir 50 koppies

Dus R680 (wins op 100 koppies)

\checkmark R340 (wins op 50 koppies)

= R340 verlies \checkmark

OF

Vir een koppie koffie

$R17,00 - R10,20 \checkmark = R6,80$ wins per koppie \checkmark

$R6,80 \times 50$ koppies $\checkmark = R340 \checkmark$

$R6,80 \times 100$ koppies = R680 \checkmark

Daarom $R680 - R340 = R340$ verlies \checkmark

OF

50 koppies @ R17,00

= R850,00 inkomste \checkmark

50 koppies @ R10,20 produksie – R510,00 produksiekoste \checkmark

R340,00 Wins \checkmark

100 koppies: R1 700 – R1 020 ✓ = R680 wins ✓
Dus: R680 (wins vir 100 koppies)
– R340 (wins op 50 koppies)
= R340 verlies ✓

LET WEL: Trek 1 punt af as die R-waarde nie in die finale antwoord is
nie.

(6)
[40]

AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200